# DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE VERENIGING

Op 17 Januarie 1967 het die G.T.V. te Potchefstroom vergader onder leiding van die Hoofbestuur. Een van die voordragte wat daar gelewer is, naamlik oor 'n herwaardering van Abraham Kuyper se bydrae tot die gereformeerde Teologie, word in hierdie uitgawe geplaas. Die Redaksie hoop om die tweede voordrag, oor die gesag van die meerdere vergaderinge deur dr. B. Spoelsta, in die volgende uitgawe te plaas.

By dié vegadering het die G.T.V. ook 'n nuwe Hoofbestuur gekies vir die jaar 1967. Die voorsitter is dr. P. J. Coetzee; die ondervoorsitter dr. K. S. van Wyk de Vries; die sekretaris ds. H. van der Bijl en nog twee lede, drs. G. C. P. van der Vyver en T. J. van der Walt. Die Redaksie wens hierdie bestuur veel seën toe vir 'n vrugbare studiejaar. Op 23 Februarie vergader die G.T.V. reeds te Pretoria; by dié geleentheid tree prof. dr. Herman Ridderbos van die Teologische Hogeschool te Kampen, Nederland, op met twee lesings wat verband hou met die Skrif en die Skrifgesag. Hierdie lesings word in latere uitgawes opgeneem. Ander byeenkomste vir die jaar word gereël en die Hoofbestuur sal ook 'n poging aanwend om die G.T.V. op die Rand, Bloemfontein en ander sentra deurmiddel van takke werksaam te laat wees. Die takke van Potchefstroom en Pretoria lewer reeds vir baie jare deeglike en, vir die lede, onmisbare werk.

*Red.*